

Afsterwe van mnr. Trevor van Heerden, eerste kommissaris van SARS

Tshwane, Donderdag 6 Januarie 2022 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem met hartseer kennis van die afsterwe gisteraand van sy eerste kommissars, mnr. Trevor van Heerden. Hy was 'n bekwame en toegewyde openbare dienskneg, wat meer as 40 jaar van sy lewe aan SARS, en sy voorlooper, Binnelandse Inkomste, toegewy het.

Mnr. van Heerden het 'n sleutelrol gespeel in die totstandbringings van SARS soos ons dit vandag ken. Hy was ook aktief betrokke by die ontwikkeling van belasting van byvoordele en die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991.

Kommissaris Edward Kieswetter, spreek namens SARS sy diepste simpatie uit teenoor die Van Heerden-familie. Hy wens die familie sterkte toe gedurende hierdie moeilike tyd.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.